BUFFELSBAAI WOONWAPARK:

REËLS & REGULASIES

- Alleenlik die goedgekeurde huurder sal toegelaat word.
- Slegs bona fide vakansiegangers toegelaat.
- Maksimum 6 persone per staanplek.
- Slegs een karavaan en voertuig per staanplek.
- U woonwa, tente, voertuig, boot ens moet binne die staanplek se grense geakkommodeer word
- Aankoms na 11h00 op die eerste dag bespreek.
- Staanplek moet voor 10h00 op dag van vertrek ontruim wees.
- U is verantwoordelik vir die betaling van bespreekte dae, ofskoon u op ‘n latere datum arriveer of vroeër vertrek.
- Geen langtermyn verblyf word toegelaat nie, maksimum 60 dae per jaar.
- Geen terugbetalings word gemaak a g v weersomstandighede of om enige ander rede.
- Met aankoms is ‘n deposito van R200-00 vir ‘n skyfie vir die elektroniesehek betaalbaar en is terugbetaalbaar by terug ontvangs van die skyfie voor u vertrek.
- Buite seisoen: toegang tot die hoofablusieblok alleenlik beskikbaar.
- Besoekers van ‘n kampeerder moet by kantoor aanmeld by aankoms.
- Maksimum 4 dag besoekers per kampeerder toegelaat tensy vooraf anders met bestuur gereel.
- Besoekersfooi: R100-00 per person per dag (08h00 tot 20h00).
- Besoekers se voertuie moet buite die park geparkeer word.
- Geen honde of ander diere word in die park toegelaat nie.
- Hommeltuie en ander vlieende voorwerpe word streng verbied in die park.
- Fietse welkom. Fietsry in die park behalwe op die teerpad is verbode.
- Die was van voertuie met ‘n tuinslang is verbode weens waterbeperkings.
- Geen harde geraas, musiek of musiek instrumente word toegelaat nie, ons ander kampeerders moet jou nie kan hoor nie.
- Verskaffing van sterk drank aan die personeel aan diens word verbied.
- Skoonmaak van vis in die park word verbied.
- Daar word ‘n ernstige versoek gerig dat u die geriewe netjies sal hou.
- Geen kinders onder die ouderdom van 7 jaar word in die badkamers toegelaat nie, tensy onder die toesig van ‘n volwassene.
- Bababaddens: Uitsluitlik vir bad van kinders onder 2 jaar.
- Die badkamers is vir die gebruik van kampeerders alleenlik.
- Portapotties: moet nie in die toilette uitgestort word nie, maar in die spesiale toilet langs die waskamer.
- Alle wasgoed moet in die waskamer gedoen word, definitief nie in die badkamers of in die skottelgoed opwasplek nie.
- Geen wasgoed mag buite u woonwa gehang word nie.

DIE BESTUUR AANVAAR GEEN VERANTWOORDELIKHEID VIR ENIGE VERLIESE OF SKADE TYDENS U VERBLYF NIE. U BETREE DIE PARK OP EIE RISIKO.
PERSONE WAT HULSELF AAN RUSVERSTORING, VANDALISME OF VERSTEURING VAN VOËLS SKULDIG MAAK, SAL GEVRA WORD OM DIE PARK SUMMIER TE VERLAAT. OUERS MOET VERANTWOORDELIKHEID VIR HUL KINDERS AANVAAR.

Bogenoemde reëls is vir die kampeerders se gerief daargestel en u word dus vriendelik versoek om dit na te kom. Ons maak staat op u samewerking en wens u ‘n aangename verblyf toe.